

**1. Orrel voorspel: Skyfie: Ps 23 en Liedboek lied 453 -
verwerkings deur Prof Albert Troskie**

2. Afkondigings – ds Keyter

3. Koor: Sanctus as aanvangslied

4. Ds Keyter: Votum

²Soos die oë van 'n slaaf
gerig is op die hand van sy eienaar,
soos die oë van 'n slavin
gerig is op die hand van haar eienares,
so is ons oë gerig op die Here ons God,
totdat Hy Hom oor ons ontferm.
(Psalms 123:2)

5. Seëngroet

Aan die gemeente van God in
en aan almal wat aan die Here behoort:

²Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here
Jesus Christus!
(2 Korintiërs 1:1-2)

**6. Loflied: Gemeente – Lied 453:1,2,3 Kondig koor aan
na die tyd**

**7. KOOR: Gloria (skyfie – Gloria uit Mis deur Benjamin
Britten)**

8. Verootmoediging – Skriflesing Ds Keyter:

9. Jeremia 30:11b - Ek sal jou nie ongestraflaat nie, maar Ek sal jou regverdig straf

12 So sê die Here: Jou wond is ongeneeslik, jou siekte dodelik.

13 Niemand kan jou saak stel nie; daar is nie 'n raat vir jou sweer nie.

14 Almal wat jou lief gehad het, het jou vergeet, hulle gee nie vir jou om nie. Ek het jou geslaan soos 'n vyand dit sou doen: Ek het jou wreed gestraf, want jou ongeregtheid is groot, jou sondes baie.

15 Waarom skreeu jy oor jou wond, oor jou siekte wat ongeneeslik is? Ek het jou hierdie dinge aangedoen omdat jou ongeregtheid groot is, jou sondes baie.

11. Stilte (+- MINUUT)

12. KOOR: Kyrie (sonder aankondiging) (skyfie - Kyrie uit Mis deur Benjamin Britten)

13. Skuldbesef en Jesus as enigste Hoop – ds Keyter –

Die Heidelbergse Kategismus

Vraag 1: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe ?

Antwoord: Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan myself nie maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus, behoort. Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos. Hy bewaar my op so 'n wyse dat, sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie. Alles moet inderdaad tot my saligheid dien. Daarom verseker

Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak
Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te
lewe.

Vraag 2: Hoeveel dinge moet jy weet om in hierdie troos
salig te kan lewe en sterwe ?

Drie dinge: Ten eerste hoe groot my sonde en ellende is;
ten tweede hoe ek van al my sonde en ellende verlos kan word
en ten derde hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet
wees.

14. KOOR – Agnus Dei (skyfie - Agnus Dei uit Mis deur Benjamin Britten)

15. Genadeverkondiging – ds Keyter

16. Gemeentesang: Lied 244:2 Koor aankondig

17. Koor (skyfie: Twee dele uit Stabat Mater van Giovanni Pergolesi)

18. Aankondiging van Skriflesing, gebed EN Koorsang: Ds
Keyter

19. Kort gebed – dsKeyter. Gebed eindig – Voed ons asb met
die hemelse brood van U Heilige Woord. Amen

20. KOOR: Panis Angelicus (sonder verdere aankondiging) (skyfie - Panis Angelicus)

21. Skriflesing: 2 Korintiërs 4:13-5:1

22. Prediking

'n Ouma vertel hoedat sy haar kleinkinders moes oppas terwyl
hulle pappa en mamma bietjie oorsee gegaan het. Die kinders
het baie lekker by oupa en ouma gekuier totdat hulle die nag

gaan slaap het. Oupa en Ouma word toe die nag wakker van die tweetjies se gehuil. Sy het hulle gaan troos – die enetjie het homself later aan die slaap gehuil. Die ander enetjie het bly snik en so tussen die snikke deur kry hy dit uit: "Ouma, ek is *homesick*, maar ek is by die huis. Hoe kan dit wees?!"

Ek het hom saam met my bed toe gevat, sy rug gestreel en saggies met hom gepraat tot hy aan die slaap geraak het.

Ons het net die eerste dag 'n tranedal gehad. Ma en pa het geleer om deur die dag te bel sodat die kinders kon gesels as hulle nie te moeg was nie. Vyf dae later was die ouers wees terug by die huis. Die twee seuns se ogies het geblink en hulle het van oor tot oor geglimlag. Die huis was weer hulle tuiste.

Op soek na 'n tuiste

Ons teks is geskryf vir *homesick* mense wat weet dat hulle nie by die huis is nie, al is hulle in 'n bekende omgewing. Dit is vir mense wat verlang na meer. Wat verlang na 'n egte tuiskoms.

Die krisis van *homesickness*

Paulus se lesers in Korinte het in die Grieks-hellenistiese wêreld geleef. Dié samelewing het verskillende antwoorde op die soeke na meer geken:

1. Filosofie: Vir die Grieke was *verganklikheid* die groot lewenskrisis. *Panta rei* is die bekende Griekse spreekwoord - *alles vloei*. Dinge begin, maar kom tot niks. Die vernietiging en afbreek van alles wat die moeite werd is - oor tyd heen - het Griekse psige bedreig. Die teenmiddel vir hierdie *homesickness* was om te soek na volmaakte en vaste vorme. Daarom is die

Griekse argitektuur en beeldhoukuns ingestel op die skep van volmaakte vorme. Vir hulle was volmaakte vorm by die hoogste godheid te vind. Verganklikheid word bestry deur die volmaaktheid van die godheid te bedink en daarna te strew. Daarom het die filosofie of wysbegeerte so 'n sterk opbloe in die Griekse kultuur beleef. Dit is gesien as hoogste gestalte van die bedink van die ewige, onveranderlike en ware.

2. Krag en mag: Teen die tyd van die Nuwe Testament was die Korintiërs ook deel van die Romeinse Ryk. Brute geweld is toenemend gesien as dié manier waarop mens jousef laat geld en vastigheid en sekerheid skep. Daarom was die nooit volprese Pax Romana (Romeinse vrede) so gewelddadig. Dit het nasies, lande en volkere vertrap en gestroop om die Romeinse voordeel te soek. Geweld is dus as verlosser gesien. Jy vat wat jy nodig het, en so skep jy 'n tuiste.

3. Plesier: Binne die Grieks-hellenistiese kultuur was daar ook diegene wat gesê het "eet en drink" maak mens gelukkig. Handeldryf, selfverryking, die klim op die sosiale en materiële leer was die weg tot geluk. Om 'n slaaf of slawe te besit, was die teken van 'n *self made man*.

"Hoe gaan ons werklik tuiskom?" Wanneer die antieke Korintiërs hierdie vraag moes beantwoord, sou hulle na die gode kon wys en pogings om dinge reg te hou met die gode, by wie onverganklikheid berus. Hulle sou kon gryp na geld en plesier. Of 'n swaard uit sy skede pluk en die weermag instuur.

Moderne homsesickness

Baie van die Korintiese manier om 'n tuiste te skep, is ook in

vandag se wêreld te vind.

1. Mag: Wanneer ons tuiste, ons sekuriteit, bedreig word, gryp ons ook maklik die swaard. *Redemptive violence* is ook deel van ons woordeskat. Dink maar net aan wat die VSA in Irak en Afghanistan gedoen het. Die groeiende aantal gesinsmoorde en selfmoorde in ons samelewings dui ook daarop dat ons geweld toenemend as 'n oplossing, as 'n ontvlugting én 'n tuiskoms in 'n beter plek sien.

2. Materialisme: Ons is sekerlik selfs meer materialisties as wat die Korintiërs ooit kon droom om te wees. Ons materialisme beteken dat materie vir ons die enigste werklikheid word. Die buitelyne van die sigbare wêreld is die enigste horison waarin ons leef. Ons vrees die verganklikheid. Ons vrees dat hierdie tentwoning afgebreek sal word. Daarom is die soeke na gesondheid, jeugdigheid, krag, langslwendheid so sterk. Die hoeveelheid voedselaanvullings wat ons sluk, sê iemand, beteken dat Westerlinge verreweg die duurste urine in die hele wêreld produseer.

3. Plesier: Hoewel ons gemaak is om plesier te ervaar, en die lewe bedoel is om lekker te wees, is daar baie mense wat van plesier finale vreugde en die 'n finale tuiskoms verwag. Daarom kan ons ons nie meer verlekker in 'n gewone blom, sandduin of swempool nie. Ons soek al hoe meer na eksotiese plesier. Ons onderneem 4 by 4 ritte om by meer verborge skoonheid te kom, ons reis en soek na die ongewone. Ons het afgestomp geraak vir gewone vreugde.

Ons is nie tuis nie

Ons teks is die Here se antwoord op ons behoefte aan 'n tuiste. Ons teks is vir mense wat weet dat die swaarkry en lyding wat ons hier beleef, nie die finale tuiskoms is nie. Dit help ons om te verlang na meer.

'n Persoonlike tuiskoms

Paulus vertel dat ons tuiskoms met geloof te doen het. Dit is die geloof wat die Gees wek. (13) Geloof waarin? Die antwoord is betekenisvol:

Ons weet immers dat God, wat die Here Jesus uit die dood opgewek het, ons ook saam met Jesus sal opwek en ons saam met julle voor sy troon sal stel. (14)

Ons tuiskoms lê in geloof in die drie-enige God wat in Jesus Christus werk en vir ons tuis bring in God se teenwoordigheid. Dit het te doen met die Persoon van Jesus, en met dit wat God in Jesus doen.

'n Toekomstige tuiskoms

Die soeke na 'n tuiskoms word in ons teks beantwoord deur 'n historiese verhaal te vertel. Die verhaal handel oor Jesus wat geleef en gesterf het. Maar toe deur God uit die dood opgewek is as die eersgeborene aan die ander kant van die dood. Waar Hy is, kan ons volg.

Ons teks vertel die verhaal van ons lewe as 'n reis in 'n wêreld waar daar nog lyding en swaarkry is. Ons intense verleentheid is die tydelikheid van alles. Niks wat ons hier opbou, is blywend nie - alles gaan verby. Ons beleef die afwesigheid van heerlikheid, ons beleef verlange.

Ons het egter die belofte van 'n tuiskoms:

Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op 'n heerlijkheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly. (17)

Self 'n tuisteskepper?

Paulus plaas as't ware 'n nuwe bril voor ons oë en help ons om ons wêreld op 'n nuwe manier te sien. Ons wêreld is beslissend geraak deur die geskiedenis van Jesus se geboorte, lewe, sterwe, opstanding en hemelvaart. Jesus het deur sy lewe vir ons die pad oopgebreek na ons tuiste by God.

Ons word genooi om hierdie bril op ons oë te hou. Ons word genooi om as't ware binne die geskiedenis van Jesus in te klim en dit ons geskiedenis te maak. Ons word genooi om dit wat God in Jesus vir ons doen, soos 'n nuwe kleed aan te trek, dit soos 'n nuwe huis te betrek, en daarin te woon en daarmee te leef

Mens kan kies om dit te doen. Of jy kan kies om self'n tuisteskepper te wees. Jy kies vir mag, plesier of om jou eie filosofie uit te werk.

Ons word genooi om te kies vir wat blywend is:

Ons weet dat, wanneer ons aardse woning wat maar 'n tent is, afgebreek word, ons 'n vaste gebou in die hemel het.

Dit is 'n woning wat nie deur mense gemaak is nie, maar deur God, en dit bly ewig staan. (5:1)

23. Gebed – ds Keyter

24. Offergawes – Orrelspel (skyfie: verwerking van Liedboek 200 deur Prof Albert Troskie) Hoef nie aan te kondig.

25. Slot: KOOR: skyfie: (Koor - Psalm 150)

26. Gemeente applous

27. Slotlied: Lied 200:1,3

28. Seën – ds Keyter

29. Musikale amen

30. Orrel naspel (skyfie - Ps 146 verwerk deur Prof Albert Troskie)